HEBREERS 6:4-12 NGK MIEDERPARK 3/10/10
TEMA: <u>WAAR STAAN EK AS 'n GELOWIGE MET GOD?</u> Ds Okkie Cilliers

Hierdie is seker van die mees dramatiese woorde in die ganse Bybel: *dis onmoontlik om weer tot bekering te kom.* Wat beteken dit? Met wie word hier gepraat? Sal dit nou beteken dat dat 'n gelowige mens weer verlore kan gaan?

Om 'n antwoord op al hierdie dinge te kry, moet die deel goed in perspektief gesien word en mooi gekyk word presies wat hier gesê word. *Want hier word 'n uiteensetting gegee van wat 'n Christen is en hoe een gered word - nie hoe een verlore gaan nie (verse 4 ,5):*
1. Hy moet eenkeer deur God verlig word. Lig is die teenoorgestelde van donkerte - en die Satan word die prins van die duisternis genoem. Sonde is daardie dik, swart donkerte wat tussen God en mens kom lê het, en die prins daarvan het respek vir niks en ontsien niemand met sy nagdonkerte nie. Hy isoleer die mens. Die lig daarenteen is die Here Jesus self. Hy is heeltemal die teendeel van die verwoesting van die duiwel. Sy lig skyn oor alles: elke donker gaatjie en hoekie en dinge lê oop voor sy oë. Jesus se lig is 'n ontmaskering – dit maak alles so oop dat ek so duidelik soos daglig sien/weet dat ek nie in God se teenwoordigheid kom met die donkerte in/aan my lyf nie. Maar die Lig ontmasker nie net nie, dit is ook 'n groot stuk genade. Want as sy Lig skyn oor jou sondes, as sy bloed toegelaat word om die donkerte van pyn en teleurstelling, stukkende verhoudings, oneerlikheid, dikkopigheid... te verlig, dan kom die genade. Dis hieroor wat Paulus so opgewonde kan raak in 2 Kor 5:17.

- God se lig moet in Jesus opgedaag het voordat daar sprake kan wees van redding.

2. Hy moet die hemelse gawe (=geskenk) ontvang het. Die geskenk is die ewige lewe - die hemel vir ewig en altyd. Jy moet dit weet!!. Ek gaan hemel toe, nie omdat ek iets spesiaal is nie, maar omdat Hy dit as geskenk gegee het en elkeen wat dit aangeneem het, is gered. Wie dit nie gedoen het nie, is verlore - al is hy hoe 'n goeie mens.
Ek weet ek is skuldig en dat daar iewers 'n doodsvonnis op my wag, die hel is my voorland. En toe handhaaf God daardie vonnis (want Hy is regverdig - vers 10), maar in my plek word Jesus toe dood gemaak. Jesus se bloed loop in my plek - en God is tevrede. Hierdie hemelse geskenk beteken my sondes is weg en kom nooit weer ter sprake nie, want Hy het ALLES vergewe. Dit wat ek op 10 Mei 1973 agter die muur gedoen het, dit wat eergister gesê is, dit wat verskriklik was en gedoen is (en ek hoop niemand vind daarvan uit nie)... Dit is verby en is afgehandel. Selfs die van die toekoms ook!

3. Jy moet deel kry aan die Heilige Gees. Hoe? Dit is nie een of ander snaakse ervaring nie; ook nie ”iets” wat nog met ’n gelowige moet gebeur nie; ook nie iets wat jy oor moet wonder of jy dit het nie. 1 Kor 12:2 is duidelik: as jy Jesus in jou lewe ontvang het en jy het die hemelse gawe ontvang, dan het jy die Heilige Gees. Outomaties en ten volle kom woon Hy in jou. Dit het implikasies, want nou woon God met sy volle wese in jou en jou lewe MOET verander. Daar kom wysheid, krag en insig in jou na vore waarvan jy vroeër nie gedroom het dit moontlik is nie; daar is die drang in jou om God beter te ken deur die Bybel; met sonde te breek; om dinge reg te maak; om mense om vergifnis te vra en ook te gee... Dan weet jy daar is 'n Krag aan die werk wat baie groter is as jy.

- Sonder hierdie Gees van die Here kan niemand Christen genoem word nie.

4. Hy moet die goeie Woord leer ken. Hier word nie gepraat van maar net kennis dra van 'n paar mooi verse in die Bybel nie. Die getuigskrif van 'n Christen loop reg deur die letters van die Bybel - om te doen wat die Bybel sê omdat die Bybel jou lewe oorneem.

5. Hy moet die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het. Van die hemel wat kom moet hy nou reeds weet of sy plek bespreek is. En in die hantering van die dinge van die lewe moet dit nou so gedoen word dat dit duidelik wees dat hy nie net werk met dit wat nou hier aan die gang is nie. Hy het 'n ewigheidsperspektief voor oë leef: “ek is op pad en die Here sorg vir my.”

As iemand hierdie dinge beleef het, is hy 'n gelowige mens. As hy dit gehoor het en afvallig geword het, is dit onmoontlik om weer tot bekering te kom (vers 5). As iemand hierdie dinge gehoor en beleef het, daaraan deelgeneem het sonder dat dit die anker van sy lewe geword het omdat dit buite hom gebly het; is hy verlore as hy sterf en daar is nie 'n tweede kans nie. Dis dan onmoontlik om in die hemel in te gaan. Daarom die dringende vraag: is jy gewas in die bloed van die Lam? Leef hierdie 5 dinge in jou lewe? Die antwoord is ’n eenvoudige ja of nee: of jy het hierdie 5 dinge of jy het dit nie. Dit is verskriklik ongemaklik om hiermee gekonfronteer te word, want mense wil hemel toe gaan op allerhande mooi en vroom dinge wat nie punte tel nie. Die vraag is reguit en die antwoord eenvoudig: *Leef hierdie goed in jou hart?*

Die saak is nie hier of Christene weer verlore kan gaan nie. Dit sal nie gebeur nie. God gooi nie sy kinders weg nie. Wie hierdie teks so wil interpreteer, trek 'n streep deur die genade van die Here. Solank as wat daar sonde is, is die vergewende liefde van die Heiland daar. Daarom kan 'n gelowige wat sukkel met die vraag of die Here hom weer sal vergewe, ontspan. Hy sal - Hy beloof dit so (Jes 55:7; Miga 7:18,19; 2 Pet 3:9; 1 Joh 1:9; Ps 51...). Hier in Heb 6 word nie van bloedgewaste, wedergebore kinders van die Here gepraat nie. Die mense wat hier onder skoot kom, is die mense wat Jesus in die openbaar tot spot maak/bring (vers 6). Hier word gepraat van **kerkmense** wat alles ken en weet, maar nogtans alles by hulle laat verbygaan. Mense wat deelneem aan alles maar nie ernstig besig is met die Here Jesus nie.

- Dis die mense wat volhardende belydenisse het wat gered is. Daarmee word nie bedoel nie volmaakte mense nie (Heb 2:18), maar mense wat besef alles gaan oor genade, mense wat vergifnis ontvang het by die voete van die kruis en daarvolgens gaan leef het.

Dit bevestig dat daar iewers baie groot probleme is. Want hier in die gemeente is baie mense wat die indruk skep dat alles reg is want hulle weet baie maar nie voor die kruis buig nie - mense wat in die geheim en openlik met sonde speel, lieg en bedrieg, agter ander se rug loop en skinder, wiese huwelike aan flarde hang en weier om te vergewe, God met hul geld besteel... Dit is ook eenmaal 'n feit: diegene wat gehoor het en die antwoorde op al die vrae ken, die moeilikste is om te bereik. Hulle dink hulle is reg en wil verder niks weet nie. Sommige is passief en doen niks; ander is aggressief en doen baie.

Party laat Gods water oor Gods akker loop en ander dring aan op regte en dinge moet volgens hul standaard gedoen word. Meeste het verskonings en verduidelikings het oor hoekom hulle hul ding op hul manier doen en moet asseblief met rus gelaat word. Wie so sterf, het geen kans op enige redding nie want Jesus het hom nie gered nie. Hy het sy eie pad in die lewe geloop. Dit is wat bedoel word met "onmoontlik om weer tot bekering te kom." Dit is wat Jesus bedoel met die gelykenis van die saaier: almal het gehoor - die een klomp het daar niks mee gebeur nie; die ander het met blydskap 'n rukkie reageer en net 'n baie klein klompie het vrugte gedra. Dit is ook die strekking van verse 7 en 8.

Daarom is dit so ontsettend gevaarlik om maar net jou eie ding te doen en te maak of alles reg is. So kruisig jy die Here Jesus weer. Die legende word vertel dat Petrus in keiser Nero se tyd gevlug het toe die Christene vervolg en vermoor is - sy moed het hom verlaat. Skielik het daar iemand in sy pad gestaan. Dit was Jesus self. "Domine, quo vadis?" (my Heer, waar gaan U heen?) het Petrus gevra. Die antwoord was ontstellend: "Ek gaan terug Rome toe om weer gekruisig te word - die keer in jou plek." Petrus het omgedraai met sy kop in skaamte en toe die dood van 'n martelaar gesterf.
"Quo vadis?" Waarheen is jy met God op pad? Daar is nie meer tyd vir speletjies nie. Dis alles of niks. Al 5 die genoemde dinge moet die hoogste prioriteit in jou lewe geniet, of iewers is daar meer as net 'n skroef los. Want wie nie ernstig met hierdie goed is nie, moet STOP en baie goed na homself kyk. *Is jy besig om Jesus weer in die openbaar/geheim te kruisig?* Jesus het dit onomwonde gestel in Mat 7:14: die op die breë pad is baie en die op die smal pad is min. Al is die breë pad somtyds gemaklik reg deur die kerk gebou, is dit nog steeds breed, lekker en gerieflik. Baie min sien kans vir die ongerief van die smalle. Die Satan wil nooi oorverdowend hard uit na die breë pad en jy moet kyk waarmee jy besig is: as dit wat jy doen, sê of dink in stryd is met die Skrif gaan dit jou vernietig.

In Godsnaam, stop! Maak doodseker of dit waarmee jy vandag besig is die dinge van die lewende God is. Want dit wat jy nou doen, bepaal waar jy die ewigheid gaan deurbring. ‘n Paar (ongemaklike) opmerkinge oor jou doen en late:
1. *Hoe gaan dit met jou stiltetyd?* Die standaard antwoord is iets in die lyn van: "Goed, maar ek lees nou nie die Bybel soos die dominee nie en tyd is maar ‘n probleem..." Iewers is enorme fout want God werk nie met die Bybel soos jy daaroor voel nie. Jy moet die "goeie Woord van God leer ken" (vers 5) - op 'n sistematiese wyse moet jy dit deel van jou sisteem kry sodat God jou kan beheer. As jy nie tyd kry nie, is daar probleme in jou prioriteite en is jy met verkeerde goed besig. Want NIKS is belangriker as die Woord nie.
2. *Hoe gaan dit met jou kerklike betrokkenheid?* Mense het baie verskonings oor hoekom hulle nie hier kan uitkom nie en onbetrokke moet bly. Antwoorde is iets in dier voege: die dominee laat my ontuis voel omdat hy daarop aandring dat gelowiges moet sing... ek is te moeg... ek is kwaad.... sommer net luiheid... kerk bring 'n mens nie in die hemel nie... As mense eers hulle dagboeke uithaal om te kyk of hulle iewers kerk kan inpas solank dit nie bots met ander dinge nie, dan gee hy homself weg. Ons is veronderstel om reeds hier op aarde die "kragte van die toekomstige wêreld te ondervind" (vers 6) - en daar is eindelose verskonings oor hoekom dit nie gedoen kan word nie. So verskoon hulle hulself die hel binne. Natuurlik het die Here begrip vir 'n besig program en moeilike omstandighede maar die meeste veroorsaak ons self en dan glo ons daar is nie 'n ander uitweg nie.

3. *Hoe gaan dit met jou persoonlike lewe?* Daar waar jy alleen is en niemand sien nie!? Ek vermoed die meeste hang maar aan 'n baie dun draadjie en dat daar groot seer agter mense se oë kan wegkruip. Ek weet ook dat ons onverantwoordelik is en baie dom en verkeerde dinge in ons persoonlike lewe doen - dat ons die dinge van die breë weg loop. Ons is veronderstel om "deel te hê aan die Heilige Gees" (vers 4), om met Sy krag alles te doen. Maar daar kom nie veel van nie. Sommige hiervan word deur wellus gedryf, ander deur gierigheid, nog ander s'n kom deur pyn, party is sommer net moedswillig sleg...

As 'n mens al hierdie dinge hoor en kyk na die ontsaglike standaarde wat God stel, dan raak ek moedeloos en bang. *Sal ek ooit by alles uitkom? Sal ek ooit vir God aanvaarbaar wees?* Die antwoord is... **NEE**. Jy sal nooit by alles kan uitkom nie en jy sal God nooit tevrede kan stel nie, al probeer jy hoe hard. Is dit nie fantastiese nuus nie!! Ek hoef nie te probeer nie. Dit is **genade**, dis 'n geskenk wat ek verniet gekry het en waarmee ek nou moet gaan leef. Daarom dat daar in vers 9 van ons gepraat word as "geliefdes". Al is die woede van God daar en al moet dit "in hierdie trant" genoem word, sal jy gered word. Want God is regverdig: glo dat Jesus God is wat mens geword het, vermoor is in jou plek en dat God Hom uit die dood opgewek het, en jy is gered. Dit sê Rom 10:9,10 onomwonde. Dan is jy God se geliefde. Hy kyk nou verby jou mislukkings, foute, verskonings, mistastings, selfregverdiging... Sy woede is in Jesus se bloed afgekoel. Hy is regverdig. As jy nie in Jesus se bloed is nie, is jy verlore - want Hy is regverdig.
<u>Jou lewe wys waar jy vandag hiermee staan.</u>

Kyk na die fantastiese hoop vir gelowiges (verse 11,12a)!! Gaan terug na die dinge soos dit veronderstel is om te wees en leef dan vasberade voort. Moenie die leuen van die Satan glo dat dinge nie kan/wil reg nie. Jy kan - Hy gee jou die krag daarvoor, want Hy **IS** die Krag. Moenie lou en vol verskonings wees nie, moenie die foute by ander gaan soek nie (dit lê by jou!), los jou kritiek en jou verskonings uit, hou die vinger wat so maklik na ander wys as dit rof raak op sy plek, en begin weer by die kruis. Die kans en die geleentheid is nou daar. Dit maak nie saak waar jou lewe vandag moet gaan draai en hoe diep/vlak jy uit die modder moet kom nie, dit is nie van belang of jou sondes gesofisitikeerd en beskaaf geraak het en agter vol programme wegkruip nie, waar die fout lê en wat skeef geloop het nie... Die begin en einde is die genade van die Here Jesus. Dit is nou die tyd daarvoor. Hy sal niemand wegjaag nie - maar jy moet dinge enduit gaan regmaak. Hy maak nuut - Goddank daarvoor. En daarmee kan ek gaan leef.
Dan word die trae bene en die moeë hande skielik met 'n ywer bedek wat jou laat weet: ek is op die smal pad. Here Jesus, ek is op pad. Ek loop. Dit gaan val-val, maar ek is op pad. Ek loop agter U aan. Ek weet nie aldag waar en hoe nie en weet ook nie wat more met my gaan gebeur nie. Maar ek kom Here Jesus. Ek laat niks tussen my en U inkom nie...
Doen dit, en jy sal vrede beleef. Al lyk die omstandighede deurmekaar.

- Besef wie jy is, watter groot prys vir jou betaal is en waarheen jy op pad is.

Staan op en leef. Jy kan. Want God maak alles moontlik deur Jesus.
Amen.